# GEMEENTEBULLETIN

**22 OKTOBER 2021**

## EREDIENSTE

**SONDAG 24 OKTOBER**

In die kerk word 750 persone per erediens toegelaat en 25 persone in die kapel. **Geen besprekings is nodig nie**. Kyk aanlyn na dienste deur www.stellenberg.co.za of die gemeente se YouTube-kanaal.

**KWARTAALTEMA: Hoop in die hooploosheid (Daniël)**

**SKRIFGEDEELTE EN TEMA VIR DIE OGGENDDIENS**

Daniël 2:1-49 | God se pad met ons te midde van chaos

**Oggenddiens 08:30** in die kerk en aanlyn **|** Ds. Breytenbach (Span 2)
**Meditatiewe diens 09:00** in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann
**Familiediens 09:30** in die kerk en aanlyn | Ds. Potgieter (Span 8)
**Relevantdiens 18:00** in die kerk en aanlyn | Ds. Ackerman

## GEE ASSEBLIEF JOU MENING

Ons wil graag bepaal hoe lidmate die gemeente se funksionering tydens die Covid-19-pandemie beleef het, asook die invloed wat die inperkingsmaatreëls op lidmate se persoonlike geloofslewe gehad het. Die vraelys is per e-pos aan lidmate wat die bulletin elektronies ontvang, uitgestuur en dit is ook op www.stellenberg.co.za beskikbaar vir diegene wat die vraelys elektronies wil voltooi. Gedrukte kopieë is Sondae in die voorportaal van die kerk beskikbaar. Voltooi dit asb. en laat dit op die tafels in die voorportaal, of handig by die kerkkantoor in.

## BUITELUG-FEESDIENS 31 OKTOBER 2021

Die buitelug-feesdiens word ter viering van die gemeente se vyftigste bestaansjaar op Sondag 31 Oktober om 08:30 aangebied. Daar sal nie 'n familie- of meditatiewe diens op dié Sondag wees nie. Genoeg stoele sal uitgepak word en geen besprekings is nodig nie. Na afloop van die erediens sal ons saam tee en 'n soetigheid geniet.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### NUWE LERAAR IS BEROEP

Ds. Johan Visser, tans leraar by die Woodlands Hill Gemeenskapskerk, Bloemfontein, is beroep as nuwe leraar van die gemeente. Hy sal vanaf 1 Februarie 2022 in die gemeente werksaam wees.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

## VATVYF-BYEENKOMS | 3 NOV 10:30

Kom geniet 'n heerlike oggend saam met ons op Woensdag 3 November om 10:30 in die kapel en luister na die interessante ontstaan van die feesmark, asook na twee uitstallers wat hul verhale van entrepreneurskap met ons kom deel. Na die praatjies kuier ons gesellig saam by die mark met koek, tee, koffie of cappuccino. Bespreek teen Maandag 1 November by Karin 021 9764519.
Koste R40.00 (gesubsidieer).

## BOUWERK AAN DIE KOFFIEWINKEL

Die bouwerk aan die koffiewinkel begin op Maandag 8 November. Die kerkkantoor sal vanaf **8 tot 19 November gesluit** wees en open weer op Maandag 22 November.

*Coffee and Crumbs* open DV in Maart 2022. Eredienste in die kerk, kapel en aanlyn, asook kategese gaan soos voorheen voort en word nie deur die bouproses geraak nie.

## FEESMARK | 18 OKTOBER TOT 6 NOVEMBER

- 270 uitstallers.
- Weeksdae 10:00 tot 20:00 en Saterdae 09:00 tot 18:00.
- Vier kostrokke met verskeie interessante maaltye.
- Krediet-, debiet en Kaapse Verbruikerskaarte word aanvaar.
- Ingang na die mark begin by die kerk se ingang.

Ondersteun asseblief hierdie groot fondsinsamelingsprojek van die gemeente. Ons het groot waardering vir lidmate se verdraagsaamheid rakende veranderinge op die kerkterrein. Die feesmark het die gemeente oor die jare heen in staat gestel om getrou aan ons roeping, 'n derde van ons gemeente-inkomste na buite aan te wend.

## MET LEEDWESE

Maria Elizabeth (Ria) Diedericks (20/04/1932 - 16/10/2021). Ria was sedert 2004 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente. Ons opregte meegevoel met haar seun en familie wat sy agterlaat.
Gedenkdiens: Donderdag 21 Oktober by Edelweiss.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

### BREIGROEP

Die breigroep kom op Maandag 1 November om 10:00 bymekaar om saam koffie/tee by die feesmark te geniet. Jy kan dié Maandag jou breiwerk gerus tuis los, ons gaan net saam kuier. Navrae: Ria McMicken 083 519 0602.

## HULP@STELLENBERG.CO.ZA

Die leraarspan is diep onder die indruk van die fisiese en psigiese nood wat gesinne en individue te midde van die pandemie beleef en is bekommerd oor die moontlikheid dat lidmate moontlik nie die nodige ondersteuning ontvang nie. Indien jy nood van enige aard beleef, neem asseblief die vrymoedigheid om by hulp@stellenberg.co.za aan te meld. Boodskappe sal vertroulik en met groot diskresie deur die leraarspan hanteer word.

## FLESSE VOL LEKKERS

Ons samel vanjaar weer glasflesse of lugdigte houers vol lekkers, vir minderbevoorregte kinders en gesinne in. Besorg op dié wyse 'n tikkie Kersvreugde in iemand anders se lewe. Bydraes kan tot 5 November by die kerkkantoor afgegee word, of op Sondag 31 Oktober na die buitelug-feesdiens gebring word.

## FLESSE VOL HOOP

Ons wil graag oor die Kersgety glasflesse, gevul met droë bestanddele, aan minderbevoorregte gesinne skenk. Die fles bied een ete aan 'n gesin van vier.

Jy kan die projek ook ondersteun deur by die feesmark 'n bydrae van slegs R15 tot die projek te maak. Neem een van die houtskywe – by die stalletjie net voor die kasregisters waar die flesse uitgestal word – en laat dit by die kasregister skandeer om jou bydrae van R15 te maak.

Die volgende bydraes word vir die projek benodig:

- Leë glaskoffieflesse (enige soort). Ons doen ook 'n beroep op besighede om leë glaskoffieflesse in te samel en te skenk.
- Rys, droë-sopmengsel, lensies, pakkies soppoeier en aftrekselblokkies. Die droë bestanddele kan in die oorspronklike verpakking afgegee word. Die projekspan sal dit self in die koffieflesse verpak.

Bydraes moet asseblief voor of op 22 Oktober by die kerkkantoor afgegee word.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

28 Okt. om 14:30

Jeremia 10: Die Here is heeltemal anders .

### NAGMAAL

Sondag 31 Oktober 17:00 in die versorgingseenheid

17:30 in die eetsaal

### VROUEBYBELSTUDIE

Tydens die feesmark (18 Okt. tot 8 Nov.) word die Vrouebybelstudie Maandae om 10:00 in die kapel aangebied. Op Maandag 1 November is daar nie Bybelstudie nie.

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE DEUR LERAARS

Luister daagliks na die stemboodskappe deur leraars, op www.stellenberg.co.za of op jou selfoon. Om die boodskappe daagliks op jou selfoon te ontvang, stuur 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou naam+van+boodskap na 081 045 2428.


## TIENDEMAANDINSAMELING EN FINANSIES

In November vind die gebruiklike tiendemaandinsameling plaas. In die gees van DANKBAARHEID gee ons soos in die Ou Testamentiese tye 'n tiende terug aan die Here, omdat alles wat ons ontvang, as 'n gawe uit sy hand beskou word. Stellenberg streef ook daarna om 'n derde van ons inkomste na buite aan te wend.

Dankie vir jou bydae oor die jare heen. By die buitelug-feesdiens sal elke lidmaat 'n klein **sleutelhouer** ontvang ter herinnering aan sy of haar persoonlike aandeel om gestalte aan die kerk van die Here te gee.

Die onderstaande tabel bied 'n opsomming van die gemeente se begroting vir die boekjaar van 2021 tot 2022.

- Die totale begroting beloop **R8 758 000.**
- Dankoffers (maandelikse dankoffers, Sondagbydraes en die tiendemaandinsameling) vorm die grootste deel van die inkomste en beloop R7,2 miljoen. Daarom is die tiendemaaninsameling van groot belang. Maandelikse dankoffers beloop R520 000 per maand.
- Inperkingsmaatreëls het tot gevolg dat die feesmark verklein moet word en die aanpassing van die begrote inkomste, R2.2 miljoen (2019) tot R750 000 (2021), het 'n groot invloed op die begroting.




2 Kor 9:10. God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente se selfoonnommer is 081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Ontvang elektroniese nuus soos die weeklikse bulletin en maandelikse Stellenberger asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos deur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za te stuur.

### BANKBESONDERHEDE

NG kerk Stellenberg

ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### SNAPSCAN